

dit ne
ie ge
ho
va

gesl
ops
es
hot
nie
no
ho
ja
w
h
v
D
k



Ongelukke gebeur, vatlappies verbrand of word op ander maniere beskadig en daar is altyd 'n behoefte aan nuwes. Wel, hier is die antwoord: 'n groot verskeidenheid van vrolike ontwerpe om hard te werk in elke kombuis

KLEURRYKE



MENGELMOES

DIE vatlappies op die foto's waarvoor ons die patrone uit die buiteland aangekoop het, is van hekelkatoen gemaak, wat hier onverkrygbaar is. Omdat hulle so oulik is wil ons dit tog vir ons lesers plaas, want enige oorskietgaring en 'n bietjie meet en pas sal ook goeie resultate lewer. Ons het Fiesta Double Crepe-breigaring gebruik, wat in 50-g-bolle in 'n groot verskeidenheid van kleure verkrygbaar is.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; beg - begin; kb - kortbeen; skb - spesiale kortbeen (steek pen in steek, garing rondom hekelpen en trek 'n lus op, garing rondom hekelpen en trek deur een lus, garing weer rondom hekelpen en trek deur oorblywende twee lusse); gs - glijpsteek; lb - langbeen; hlb - half-langbeen; herh - herhaal; st(e) - steek(steke); krap-st - krapsteek (kortbeen van links na regs); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; vlg - volgende; weersk - weerskante; sp - spatie.

VLINDER

BENODIGDHEDE: Ongeveer 25 g blou, 10 g donkerblou, 10 g geel oorskietgaring; hekelpen van 3 mm of om by garingdikte te pas.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

L.W.: Om ste aan einde van ry te vermin, laat verlangde aantal ste ongewerk.

Daar is altyd 2 kettingsteke vir draaikingsteke wat eerste halflangbeen van volgende ry vorm.

Vlerk: Beg-ry: Met blou, 7 ks.

1e ry: 6 hlb in 7 ks.

2e ry: Vermeer 1 st aan weersk — 8 hlb.

3e ry: Vermeer 1 st aan weersk — 10 hlb.

4e ry: 10 hlb in 10 hlb.

5e ry: Vermeer 2 ste aan weersk — 14 hlb.

6e ry: Vermeer 1 st aan weersk — 16 hlb.

7e ry: Vermeer 1 st aan beg — 17 hlb.

8e ry: Vermeer 1 st aan weersk — 19 hlb.

9e ry: Vermeer 1 st aan beg — 20 hlb.

10e ry: 20 hlb in 20 hlb.

11e ry: gs oor 1e 3 ste; 1 hlb in elke vlg hlb — 17 hlb.

12e ry: 17 hlb in 17 hlb.

13e ry: Vermeer 1 st aan beg — 18 hlb.

14e ry: 1 hlb in elke hlb tot einde.

15e ry: Vermeer 1 st aan beg — 19 hlb.

16e ry: 1 hlb in elke hlb tot einde.

17e ry: Vermeer 1 st aan beg — 20 hlb.

18e ry: 1 hlb in elke hlb tot einde.

19e ry: Vermeer 1 st aan beg — 21 hlb.

20e ry: 1 hlb in elke hlb tot einde.

21e ry: Vermeer 1 st aan beg — 22 hlb.

22e ry: 1 hlb in elke hlb tot einde.

23e ry: Vermeer 1 st aan beg — 23 hlb.

24e ry: Vermin 1 st aan beg en vermeer 1 st aan einde van ry — 23 hlb.

25e ry: Vermeer 1 st aan beg en vermin 1 st aan einde van ry — 23 hlb.

26e ry: 1 hlb in elke hlb tot einde.

27e ry: Vermin 1 st aan einde van ry — 22 ste.

28e ry: Vermin 2 ste aan einde van ry — 20 ste.

29e ry: Vermin 1 st aan weersk — 18 ste.

30e ry: 1 hlb in elke hlb tot einde.

31e ry: Vermin 1 st aan weersk — 16 ste.

32e ry: Vermin 1 st aan weersk — 14 ste.

33e ry: Vermin 1 st aan beg en 2 ste aan einde van ry — 11 ste.

34e ry: Vermin 3 ste aan beg en een st aan einde van ry — 7 ste. Heg af.

Hekel 'n tweede vlerk op dieselfde manier.

Lyf: Met geel, heg garing vas aan begin van reguit deel (aan binnerand) van vlerk en hekel 2 kb in elke randsteek — 32 kb. Knip draad af.

Heg garing weer vas aan ooreenstemmende steek van tweede vlerk en hekel weer 2 kb in elke randsteek; plaas die twee pante dan teen mekaar om vlinder te vorm en hekel kb, steek hekelpen in agterste lus van voorste kb-ry en deur na voorste lus van agterste kb-ry, trek saam deur om die twee pante aan mekaar vas te werk; werk oor alle ste en heg af.

Hekel kolle, soos op foto gesien kan word, met 'n paar rye swart garing en werk aan vlinder vas.

Met geel, hekel klein skyfie van 'n paar rondtes kb, hekel 'n tweede geel skyfie en verbind die twee met 'n balkie van ongeveer 8 ks, verstewig met 8 kb oor ks. Werk aan vlinder vas en heg af.


KUIKEN

BENODIGDHEDE: Ongeveer 25 g wit, 10 g groen, 10 g oranje paar drade geel en swart oorskietgaring; hekelpen van 3 mm of om by garingdikte te pas.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Met wit, hekel 4 ks en sluit met gs om ring te vorm.

As u reeds 60 op u kerfstok



1e rondte: 8 kb in ring.

2e rondte: 16 hlb.

3e tot 13e rondte: hlb, vermeer paar ste in elke rondte om werk plat te hou.

14e rondte: Met groen, hekel 2 kb in elke hlb.

Kuiken: Met oranje, beg met 4 ks.

1e en 2e ry: 3 kb.

3e en 4e ry: 5 kb.

5e en 6e ry: 7 kb.

7e en 8e ry: 9 kb.

9e en 10e ry: 11 kb.

11e en 12e ry: 13 kb.

13e tot 21e ry: 13 kb.

Vlerk: Hekel 'n lus van 8 ks en hekel 10 kb om lus te verstewig. Heg af.

Kop: Met geel, hekel 4 ks en sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 8 kb in ring.

2e tot 6e rondte: kb, vermeer paar ste om werk plat te hou.

Oog: Met swart, hekel paar ks en vorm ronde oog, werk vas.

Snawel: Met oranje, hekel paar ks om snawel te vorm, werk vas. Met groen, borduur barslyn op eier (raadpleeg foto).

SKILPAD

BENODIGDHEDE: Stuk geblomde materiaal van 20 x 20 cm; 10 g groen, 10 g oranje, 10 g bruin oorskietgaring; hekelpen van 3 mm of om by garingdikte te pas.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

Eerste blom: Met oranje, hekel 4 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 8 kb in ring.

2e tot 4e rondte: kb, vermeer paar ste soos

benodig.

5e rondte: Met groen, hekel * 1 kb, 4 ks, slaan 3 ste oor, herh van * rondom.

6e rondte: Hekel (1 kb, 1 hlb, 4 lb, 1 hlb, 1 kb) in elke 4-ks-sp rondom. Knip garing af en heg af.

Hekel 'n tweede blom met 4 blomblaartjies in plaas van 5.

Groot blom: Met oranje, hekel 4 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 8 kb in ring.

2e rondte: 16 kb.

3e rondte: 20 kb.

4e rondte: Met groen, hekel 24 kb.

5e rondte: * 1 kb, 4 ks, slaan 3 ste oor, herh vanaf *.

6e rondte: (1 kb, 1 hlb, 4 lb, 1 hlb, 1 kb) in elke 4-ks-sp.

Pote: Met oranje, hekel 2 plat skyfies van 5 rondtes elk en steek hulle half in openinge in die vatlap, werk vas.

Kop: Met groen, hekel 'n plat skyfie van 5 rondtes en werk vas.

Kopdoek: Met bruin, hekel 3 ks.

1e ry: 2 kb, draai.

2e ry: 4 kb, draai.

3e tot 11e ry: kb, vermeer 3 ste elke 2e ry.

12e tot 15e ry: Hekel slegs oor 1e 5 ste van ry, draai, en vermin 1 st op elke vlg ry tot 1 st oorbly, heg af.

Geknoopte doekpunte: 1 ks, 1 kb, draai; 3 kb, draai; 5 kb, draai; 3 kb, draai; 1 kb. Hekel 'n tweede punt op dieselfde wyse

AFWERKING: Met materiaal dubbel, knip twee ovale vir skilpad se lyf en werk met verkeerde kante op mekaar vas. Laat opening om op te stop. Keer om na regte kant, werk kop en pote tussen nate vas. Stop met

watte op. Werk blomme aan een kant vas en borduur oë en bek op kop.

Hekel 'n lus en verstewig met kb om skilpadlappie aan op te hang.

HOENDERHAAN

BENODIGDHEDE: Oorskietgaring in wit, bietjie groen en oranje; hekelpen om by garingdikte te pas.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Met wit, hekel 5 ks, sluit met gs om ring te vorm.

2e tot 11e rondte: hlb, vermeer hier en daar om vatlap plat te hou.

12e rondte: kb.

Kam: Met oranje, hekel 19 kb, draai, 18 kb in 19 kb.

In volgende ry hekel: 1 kb in 1e kb, slaan 1 kb oor, 5 lb in kb, slaan 1 kb oor, gs oor vlg kb, in vlg kb hekel (1 kb, 2 lb, 1 dsl), in vlg kb hekel (2 kb, 1 lb, 1 hlb), 1 kb in elk van vlg 2 kb, (1 hlb, 1 lb, 1 dsl) in vlg kb, 1 dsl in elk van vlg 2 kb, 1 lb in elk van vlg 2 kb, 1 kb in elk van vlg 4 kb.

Hekel slegs 'n lus van 10 ks in vlg ry en verstewig met kb. Heg af.

Snawel: 8 ks. In vlg ry 7 kb in ks. In vlg 2 rye 5 kb in die 7 kb van vorige ry, draai, 3 kb, draai, 1 kb, heg af.

Oog: Met groen, hekel 5 ks, sluit in ring met 1 gs. In vlg rondte 10 kb in ring. Borduur dan met wit om pupil in oog te vorm.

Lelle: Met oranje, 3 ks; draai, 2 kb in 3 ks; draai, 2 kb; draai, 4 kb; draai, 4 kb; dan 5 rye van 6 kb; draai, en in vlg ry hekel: 1 kb, 1 hlb, 1 lb in elk van vlg 2 kb, 1 hlb, 1 kb.

Hekel nog 'n lel op dié wyse.

NA BLADSY 165

Net, gaan Trustbou u geld-sake laat opflikker.

Net Trustbou betaal u'n ekstra 0,5% bonus.

Wat beteken Trustbou se Senior Burger-beleggings vir u?

As een van die land se gewaardeerde Senior Burgers ouer as 60 jaar, kry u iets unieks by Trustbou — 'n ekstra bonus van 0,5%. Dit word betaal bo en behalwe ons nuwe hoë rentekoerse. Dis net by Trustbou, spesiaal om u teen die uitwerking van inflasie te help.

Hoe kwalifiseer u?

U kom in aanmerking vir Trustbou se Senior Burger-beleggingsbonus as u teen einde Desember 1981 een van die volgende Trustbou-beleggings het.

11,5%	Vastetermyn-aandeel, gewaarborg vir 5 jaar, 33,3-100% belastingvry.
10%	Onbepaalde-termyn-aandeel, 33,3-100% belastingvry.
8,25%	Spesiale 100% Belastingvrye Aandeel.
9-11,5%	Vaste Deposito's.

En u moet natuurlik teen 31 Maart 1982, wanneer die eerste bonus betaal word, die 60-kerf bereik het. U kry 'n pro rata-bonus vir korter as 'n jaar.

Maandelikse rentebetelings! As u 'n Senior Burger is met

meer as R10 000 in enige van bogenoemde beleggings, sal Trustbou u rente maandeliks, of sesmaandeliks betaal, net soos u dit verkies.

Meer inligting. Hoe gemaak?

Tree in verbinding met enige tak van Santambank of Die Trust Bank. U kan ook skryf aan die 'Senior Burger'-bestuurder, Trustbou-hoofkantoor, Posbus 4568, Kaapstad 8000, (telefoon (021) 43-6641) om 'n brosjure oor Trustbou-beleggings, wat vir u meer geld en minder belasting beteken.



TRUST BOU

Die enigste bouvereniging wat u 'n bonus betaal.

KLEURRYKE MENGELMOES

VAN BLADSY 97

Vlerk: Met oranje, hekel 3 ks; draai, 2 kb in 3 ks; draai, 2 kb in 2 kb; draai, dan drie rye van 4 kb, dan vier rye van 6 kb elk, dan vier rye van 8 kb elk, ses rye van 10 kb elk, dan een ry van 8 kb oor 10 kb, d.w.s. laat eerste en laaste st ongewerk. Die laaste ry lees: gs oor 1e st, 2 kb in vlg 2 kb, 1 hlb, 2 lb, 1 hlb, 2 kb. Heg af.

Raadpleeg foto en werk onderdele aan vatlap vas.

OLIFANT

BENODIGDHEDE: Ongeveer 15 g écru, 10 g ligbruin, bietjies wit, groen en oranje oorskietgaring, hekelpen om by garingdikte te pas.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Met écru, hekel 5 ks, gs in 1e ks om ring te vorm.

1e rondte: 10 kb in ring.

2e tot 16e rondte: hlb, vermeer af en toe om werk plat te hou.

Oor: Met ligbruin, hekel 3 ks; werk verder in rye soos volg:

1e ry: 2 kb; draai, 2 kb; draai, 6 kb in 2 kb, vermeer elke keer aan dieselfde kant; draai, 6 kb; draai, 7 kb; draai, 7 kb; twee rye van 8 kb; 2 rye van 9 kb; 2 rye van 10 kb; 2 rye van 11 kb; 2 rye van 12 kb; 4 rye van 13 kb; dan weer 2 rye van 12 kb, vermin aan dieselfde kant; bly nou vermin aan dieselfde kant op vlg rye van 11, 10, 9, 8 kb en sluit af met ry van 2 kb, 1 hlb, 2 lb, 1 hlb, 2 kb. Hekel tweede oor op dieselfde wyse maar omgekeerd, om op ronde lap te pas.

Oog: Met wit, hekel 7 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 2 kb, 4 kb in vlg 4 ks, 2 kb in vlg ks, 4 kb in vlg 4 kb, 4 kb in vlg ks (om ovaalvorm te begin).

2e rondte: 20 kb in 16 kb, behou ovaalvorm.

3e rondte: 25 kb in 20 kb, behou ovaalvorm.

4e rondte: 1 kb in elke kb, 2 kb aan twee teenoorgestelde punte van ovaal. Heg af.

Hekeel 'n tweede oog op dieselfde wyse.

Blom: Met groen, 4 ks, vorm ring; hekel 1 rondte van 6 kb, dan een van 10 kb en heg af. Met oranje, hekel 1 kb, 4 ks, slaan 1 st oor, 5 keer. In vlg ry, hekel (1 kb, 1 hlb, 3 lb, 1 kb) in elke sp. Heg af.

AFWERKING: Werk onderdele aan kop vas. Borduur met ligbruin in kettingsteek 'n slurp en wimpers. Werk netjies af.

VARK

BENODIGDHEDE: Ongeveer 25 g lig-pienk, 10 g donkerpienk, 'n paar drade wit

NA BLADSY 171

*Vaseline Wit Petroleumjellie Regnr. J/14.2/24



Bababoudjies se beste maat... *Vaseline Wit Petroleumjellie.

Beskerm teen luieruitslag, want
dit plaas 'n waterdigte afsluiting tussen vel en nat luiers.

As mamma vergeet om baba se boudjies met suiwer, sagte *Vaseline Wit Petroleumjellie te smeer wanneer sy luiers verwissel, is die kans groot dat dit baie eina gaan word. En mamma gaan dalk net so moeilik as baba slaap.

Toemaar. Na 'n goeie laag *Vaseline Wit Petroleumjellie is baba se velletjie versag en kry dit kans om te genees.

Baba is tevrede. En mamma ook.

Boonop beskerm *Vaseline Wit Petroleumjellie ook baba se velletjie ooraloer. En wanneer iemand in die gesin 'n brandplek, sny of kneusplek opdoen, kan dit as 'n strekende salf gebruik word.

Eintlik is *Vaseline Wit Petroleumjellie en mamma ook baie goeie maats.

*Vaseline Wit Petroleumjellie.

Beproef en vertrou deur mamas vir meer as 100 jaar.

*Chesebrough-Pond's Inc. is die eienaar van die geregistreerde handelsmerk Vaseline.



KLEURRYKE MENGELMOES

VAN BLADSY 165

oorskietgaring; hekelpen om by garingdikte te pas.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Met ligpienk, hekel 4 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 8 kb in ring.

2e rondte: 16 hlb in 8 kb.

3e tot 17e rondte: hlb, vermeer paar ste in elke ry om werk plat te hou. In laaste rondte moet 'n lus van 8 ks gehekel word. Verstewig lus met 12 kb. Heg af.

Snoet: Met donkerpienk, hekel 4 ks en sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 8 kb in ring.

2e tot 11e rondte: kb, vermeer voldoende ste om werk plat te hou. Met ligpienk, hekel 2 skyfies van 4 rondtes elk.

Oë: Met wit, hekel 2 skyfies van 6 rondtes elk.

Ore: Met donkerpienk, hekel 5 ks, hekel 4 kb in vlg ry.

Vlg 6 rye: kb, vermeer 1 st weersk elke 2e ry.

Vlg 6 rye: 11 kb.

Vlg 8 rye: kb, vermin 1 st weersk elke 2e ry. Heg af.

Hekel tweede oor op dieselfde manier. Werk twee ronde stukkie swart vilt aan oë vas en werk alle onderdele vas (raadpleeg foto).

MUIS

BENODIGDHEDE: Ongeveer 10 g goudgeel, paar gram lig- en donkerbruin en 'n bietjie wit oorskietgaring; klein stukkie swart vilt; hekelpen om by garingdikte te pas.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Met geel, hekel 5 ks en sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 10 kb.

2e rondte: hlb, vermeer 1 st in alt ste.

3e tot 10e rondte: hlb, vermeer af en toe om werk plat te hou. Hekel aan einde van laaste rondte 15 ks, vang met gs om lus te vorm en verstewig lus met kb.

Oor: Met ligbruin, hekel 4 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 8 kb.

2e tot 5e rondte: hlb, vermeer om werk plat te hou. Hekel nou voort met donkerbruin en in rye, werk rondom geel deel tot 6 ste oorbly, draai-ks en werk terug, vermeer om werk plat te hou, draai-ks aan einde van ry en hekel laaste ry gs. Heg af.

Oog: Met wit, hekel 4 ks, sluit met gs om ring te vorm. Hekel 8 kb in eerste rondte, dan nog twee rondtes met genoeg vermeer om werk plat te hou. Heg af. Met donkerbruin word nou 4 ks gehekel, sluit om ring te vorm en hekel 10 kb in dié ring. Heg af en werk aan oog vas.

Knip neus uit swart vilt en werk vas. Borduur wenkbrou, snor en bek met donkerbruin.

LIEWEHEERSBESIE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 15 g rooi oorskietgaring; stuk swart vilt; hekelpen om te pas by garingdikte.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: 5 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 10 kb in ring.

2e tot 14e rondte: hlb, vermeer voldoende ste om werk plat te hou. Heg af.

Knip 11 skyfies met deursnee van 1,5 cm uit vilt, asook 'n dun strook so lank soos deursnee van vatlap en 'n halfmaanvorm vir kop. Hekel twee rooi knoppies van kettingsteek en 'n lus om vatlap aan op te hang. Werk vas. Raadpleeg foto vir plasing van swart kolle en streep. Werk rooi knoppies en lus aan kop vas.

PIENK BLOM

BENODIGDHEDE: Pienk oorskietgaring, asook bietjies groen en wit; hekelpen om by garingdikte te pas.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Met groen, hekel 3 ks en sluit met gs om ring te vorm.

Hekel kb in rondtes, vermeer voldoende ste om werk plat te hou, tot deursnee 3,5 cm is.

Begin met blomblare.

Knip groen af, heg pienk vas en hekel 6 kb; draai, vermeer af en toe in vlg rye tot daar 10 ste is, vermin dan terug tot 4 ste oorbly deur aan weersk van rye 1 st te vermin (6 ste, 8 ste, 10 ste, 8 ste, 6 ste, 4 ste).

Hekel al die blomblare op dié wyse en hekel ten slotte 'n ry wit kb rondom blomblare. Met ks, verstewig met kb, word 'n lus gemaak om vatlap mee op te hang, en met naald en wit garing word knoppies geborduur om stuifmeeldrade voor te stel en ook nerwe op blomblare.

VIS

BENODIGDHEDE: Ongeveer 25 g groen, 10 g blou, paar drade wit oorskietgaring; hekelpen van 3 mm, of om te pas by garingdikte.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie.

AANWYSINGS: Hekel 5 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 10 hlb in ring.

2e rondte: 20 hlb.

3e tot 13e rondte: hlb, vermeer af en toe paar ste om werk plat te hou. Heg af.

Met wit, hekel ronde skyfie van 4 rondtes, beg met 4 ks en hekel rondtes om 'n oog te vorm.

Met donkerblou, hekel 4 ks en sluit met gs om ring te vorm. Hekel 6 kb, daarna nog 2 rondtes en heg af (vir kol op oog).

Vin: Met donkerblou, 4 ks, draai.

1e ry: 3 kb oor 4 ks.

2e tot 10e ry: Vermeer 1 st weersk in elke 2e ry, tot by 10e ry — 11 kb in ry.

11e en 12e ry: 11 kb.

13e tot 22e ry: kb, vermin 1 st weersk elke 2e ry.

Stertvinn: Met donkerblou, begin soos vir oog, hekel 6 rondtes, hekel dan 3 rye heen en weer oor helfte van ste om vin te vorm.

Hekel 2 sulke vinne.

Met groen, hekel 4 ks en sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 8 kb in ring.


2e ry: Hekel 2 kb in elk van eerste 5 kb, draai.

3e en 4e ry: Vermeer 1 st aan weersk, draai — 12 kb.

5e en 6e ry: 14 kb, heg af.

Werk dié deel vas om stertvinne te verstewig (raadpleeg foto). Knip 'n hartjie uit rooi vilt om bek te vorm. Werk netjies vas en borduur 'n paar kettingsteke om bek te verdeel.

Pleks van daardie aaklige ouderdoms- vlekke te verberg



Laat NUWE* Esoterica toe om hulle te verbleik

Moenie toelaat dat ouderdomskolle en weersvlekke u laat skaam voel vir u hande nie.

Gebruik liever nuwe Esoterica... die spesiale room wat help om die pigmentlae in die vel ligter te maak, die hande weer sag, wit en jonk te laat lyk.

Esoterica is ewe doeltreffend op die gesig, nek en arms.

En dis ook nie 'n blote bedekking nie. Esoterica ontbloot werklik helderder, gladder vel.

Dis die geurige, vetvrye basis vir die versagting van u vel terwyl dit help om daardie onooglike vlekke te verwyder.

Nuwe Esoterica is spesiaal geformuleer om egalig, oral oor doeltreffend te wees.

Met nuwe Esoterica kan die meeste mense se vel helderder en jeugdig lyk binne ses weke.

*Nuwe Esoterica, elke dag.

